# KANOLAFOKUS

*Mondstuk van die kanolawerkgroep*

**Inleiding**

Oor die afgelope twee jaar het kanola sterk na vore getree as 'n belangrike wisselbougewas in die kleingraanboerderystelsel van die Wes- en Suid-Kaap. Gedurende 1998 is daar volgens beraming ongeveer 22 000 ha onder kanolaverbouing in hierdie gebiede. Volgens skatting behoort kanolaproduksie gedurende 1999 uit te brei tot 35 000 ha en 50 000 ha teen die jaar 2000. Dit sal beteken dat nie alleen bestaande produsente meer kanola sal plant nie, maar dat baie nuwe produsente ook tot die bedryf sal toetree.

**Kanolawerkgroep**

Weens die "ontploffing" in die plaaslike kanolabedryf oor die afgelope twee jaar, het die Proteïennavorsingstrust die stigting van 'n kanolawerkgroep vir die Wes- en Suid-Kaap geïnisieer om 'n gesonde en lewensvatbare bedryf op die been te bring. Om die kanolabedryf suksesvol te vestig, is die samewerking van alle rolspelers noodsaaklik. Na samesprekings met al die rolspelers is 'n kanolawerkgroep op 2 September 1997 gestig met mnr Gerhard Scholtemeijer van die Proteïennavorsingstrust as voorsitter.

**Doelstellings van kanolawerkgroep**

Die primêre taak van die werkgroep is om die belange van die plaaslike kanolabedryf te ondersteun en te bevorder. Die werkgroep sal ook poog om probleme wat die bedryf mag kniehalter vroegtydig te identifiseer en pro-aktief op te tree. Verder sal die werkgroep ook al die bestaande tegnologie t.o.v. produksietegnieke, hantering, opberging ens. aan produsente en ander rolspelers kommunikeer.

Sedert die stigting van die werkgroep is daar al verskeie knelpunte geïdentifiseer en aangespreek met die finansiële ondersteuning van die Proteïennavorsingstrust soos byvoorbeeld:

- nasionale kanolakultivarproewe (18 kultivars op 9 lokaliteite in Wes- en Suid-Kaap)
- verskillende vestigingsmetodes (4) van kanola in Swartland en Rûens
- opnames t.o.v. voorkoms van swartstam by verskillende kultivars op verskillende lokaliteite in Wes- en Suid-Kaap
- voedingsproewe met pluimvee, varke en melkbeeste
- studietoer na Australië om die opberging en hantering van kanola te bestudeer
- wisselboustelselnavorsing met kanola en lupine in 'n koringsaaiboerderystelsel
- graderingstelsel vir kanola

***Geborg deur Proteïennavorsingstrust***

## Doel van nuusbrief

Die doel van hierdie nuusbrief is om u in te lig oor belangrike sake wat op werkgroepvergaderings bespreek word en besluite wat geneem word asook om veral aan produsente voorligting te gee t.o.v. kanolaverbouing.

As vertrekpunt word beoog om die nuusbrief kwartaalliks te versprei. Die tema van elke nuusbrief sal so gekies word om produsente inligting te gee oor aksies wat op daardie tydstip deur produsente geneem moet word t.o.v. kanolaproduksie soos bv. saadbedvoorbereiding, saaityd, saaidigtheid, bemesting ens. Die temas vir die uitgawes gedurende die 1999 sal die volgende wees:

*Januarie*

- Resultate van nasionale kultivarproewe 1998
- Kultivarkeuse
- Swartstamweerstand by kultivars
- Saadkwaliteit

*Maart*

- Voorsaaikontrakte
- Saadbedvoorbereiding
- Vestigingsmetodes
- Bemesting
- Saaityd en saaidigtheid
- Onkruidbeheer

*Junie*

- Plaagbeheer

*September*

- Optimale oestyd
- Oestegnieke
- Bemarking
- Voedingswaarde en gebruik van kanola

## Nuusbrokkies

U is ook welkom om belangrike nuusbrokkies aan ons te stuur. Vertel ons van u suksesse asook mislukkings met kanola, want daaruit kan ons baie leer.

Die nuusbrief sal aan al die koöperasies gestuur word vir verspreiding aan kanolaprodusente.

**Navrae:** Departement Landbou:WK, Privaatsak X1 Elsenburg 7607 ,Tel 8085111.
**Redaksie:** H.J.C.Agenbag D.J.Hanekom N. Kotze